

## Nabetragting Sondag Boodskap 14 Junie 2020

### Maandag:

**Jes 35:1-8 //** *1Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig, oortrek met affodille; 2hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en sing, hy sal die prag van die Libanon hê, die skoonheid van Karmel en Saron. Israel sal die mag van die Here sien, die koninklike mag van ons God. 3Bemoedig dié wie se hande slap hang, help dié wie se knieë knik, 4sê vir dié wat moed verloor het: "Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te neem, om julle vyande te straf; God kom julle red!" 5Blindes sal kan sien, dowe sal kan hoor, 6lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld. 7Die verskroeiende aarde sal 'n moeras word, dorsland waterryke wêreld. Waar daar nou net vir jakkalse lêplekke is, sal gras en riet en biesies groei. 8Daar sal 'n grootpad deur die woestyn loop en dit sal bekend staan as die gewyde pad.*

In die Richtersveld het ek gesien hoe plante in klose voorkom. Tydens 'n toer in Israel iewers in die middel van 'n woestynarea waar geboer word met dadels en piesangs vertel die landboukundige dat alle piesangplante drie-drie geplant word. En nie net in sulke klose nie, maar is elkeen van die trio van 'n verskillende ouderdom. Die oudste piesangboom word vervang sodra sy mees produktiewe vrugtyd verby is, vervang met 'n nuwe jong boompie. Die rede aldus die baie suksesvolle boerdery se landboukundige dat plante soos kleingroepies hulle beste kan lewer. Jesus het twaalf dissipels gekies om te leer. Huisgesinne bestaan uit ouers en kinders. Daar is baie soorte kleingroepies. Net soos by piesangbome vaar mense beter in die lewe as hulle deel van 'n klein groepie vorm. Oorweeg dit om deel te word van 'n kleingroepie of begin een.

### Dinsdag:

**Deut. 32:10-14 //** *10Hy het sy volk in die woestyn gevind, in 'n onbewoonbare land waar woestyndiere skreeu. Die Here het sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van sy oog. 11Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, 12so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei; daar was nie 'n ander god by Hom nie. 13Die Here het sy volk die land in besit laat neem, en hom laat eet van die opbrengs van die lande, hom heuning uit klipskeure laat geniet, olie uit harde klip, 14botter uit die beestrop, melk van die kleinvee, vet lammers, skaapramme en bokramme uit Basan, die beste koring; die wyn wat jy drink, kom uit die beste druiwe.*

Eensaam is 'n vreemde woord – sametrekking van een & saam wat op die oog af ambivalent voorkom. Maar in regte begrip konteks maak dit goed sin; Om eensaam te wees, is om alleen met jouself te wees. Eensaam beteken nie dieselfde as om alleen te wees nie. Om alleen te wees kan opbouend of afbrekend wees. Tydens my staptog in die Richtersveld was ek altyd alleen en soms eensaam. Ek was soms eensaam omdat ek iets mooi of 'n nuwe insig nie met iemand kon deel nie. Hoe ek die alleenheid hanteer het, was my eie keuse. Die lewe behoort 'n balans tussen selfstandigheid en interafhanklikheid te wees. Verantwoordelikheid is meesal eie sake, maar sukses weer dikwels 'n spanpoging. Die sterkste

toue is die wat gevleg is en spinnerakke is op skaal van die sterkste strukture wat die natuur bied. 'n Mens moet tyd spandeer met jouself en met ander mense en met die Here, asook met ander dinge soos die natuur of boeke of droom.

### **Woensdag:**

**Jes 43:18-21** // 18Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. 19Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring. 20Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les. 21Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig.

Woestyne is baie meer lewendig as wat hulle lyk, maar word ook gekenmerk deur stilte. Daar is ook baie verskeie soorte woestyne, maar in geen woestyn wil mens verdwaal wees nie. Tussen die groot duine van 'n sandwoestyn is dit maklik om jou rigting te verloor, net soos ook in die rante en berge van 'n klipwoestyn. In die oop areas van woestyne kan mens nog sien waarna jy loop, maar jy weet nie wat voorlê nie. Die lewe kan vergelyk word met menslike interaksie in 'n woestyn. Die stilte en wydheid en vreemdheid vra 'n nuwe uitkyk op die lewe en jouself. Woestyne is plekke waar mense gestroop raak van die onnodige. Woestyn-plekke en woestyn-tye is ook ideale ruimtes om nuwe insigte uit te delf. Woestyn-tye en –plekke is ook die beste plekke om met jou Skepper te kommunikeer. 'n Mens het 'n woestyn nodig om dit regtig te beleef, maar woestyn-tye is orals en dikwels beskikbaar. Daar is groot waarde om woestyn-tye te benut wat veral sal maak dat jy nie sommer op jou lewensweg verdwaal nie.

### **Donderdag:**

**Joh 6:26-35** // 26Jesus antwoord hulle: “Dit verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. 27Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.” 28Hulle vra Hom toe: “Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?” 29En Jesus antwoord hulle: “Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.” 30Hulle sê toe vir Hom: “Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen? 31Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet.” 32Jesus het hulle geantwoord: “Dit verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. 33Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee.” 34Hulle sê toe vir Hom: “Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood.” 35Maar Jesus sê vir hulle: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.

Woestyne en woestyn-tye dwing 'n vreemde perspektief op mense af. Dit is dat mens byna gedwing word om van jouself weg te kyk en dit deur meer en meer al die klein dingetjies sowel as die vêrgesigte raak te sien. Net drie dae in die stille vreemde van afgeleë areas soos woestyne sal maak dat jy een of ander mate van persoonlike transformasie ondergaan – omtrent altyd met positiewe vrug. Die beleving

van die klein dinge wat meesal gemis word in die leefruimtes van ons alledaagse lewe, laat mens in verwondering nes die vêrgesigte jou in vervoering kan bring. Tog is die hoogtepunt die stilte in wat in afgeleë plekke en woestyn-tye ervaar word, wat jou siel reinig en jou gesindheid gesond maak.

### **Vrydag:**

*Jes 51:1,3-5 // 1Luister na My, julle wat wil reg doen, julle wat na die wil van die Here vra: Dink aan die rots waaruit julle gekap is, aan die klipgroef waaruit julle gegrawe is. 3Nou gaan die Here Hom oor Sion ontferm, Hy gaan Hom oor al die puinhope daar ontferm. Hy gaan die woestyngedeeltes maak soos Eden, die barre wêreld soos die tuin van die Here. Daar sal vreugde en blydschap in Sion wees, daar sal gedank en gesing word. 4Luister na My, my volk, my volk, gee aandag aan wat Ek sê: My onderrig sal uitgaan na die volke toe, my wil sal vir die nasies die koers aanwys. 5Die redding wat Ek bring, kom baie gou, die verlossing wat Ek bewerk, is op pad.*

Woestyne en woestyn-tye bring omtrent altyd ook skrikwekkende belewinge. As die wind snags opsteek, is dit 'n bangmaak episode. Die uitgestrektheid om jou kan weemoedig wees in so mate dat jy morbied voel. Woestyne sal altyd jou vrese vir jou ontbloot en jou swakhede beklemtoon. Woestyn-tye openbaar jou broosheid en jou afhanklikheid aan samesyn. Woestyne is waar booshede jou skielik betrek. Dit is plekke en tye wat jou oorrumpel en waar jy besef daar is 'n God en dat Jesus jou voorafgegaan het en waar die Gees van God heelyd saamloop. Woestyne maak jou baie klein voel, maar ook weer groot as kind van God. Dit is altyd 'n baie goeie lewens-skool, kos vir die siel en 'n gimnasium vir die gees. In woestyne en in woestyn-tye leer mens van dankbaarheid, leer mens wat vreugde en blydschap beteken en wat egte vertroosting is.